*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 10c Prys**
**Overseas 15c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

ISBN 0 621 00210 0

84.] CAPE TOWN, 14TH JUNE, 1972. KAAPSTAD, 14 JUNIE 1972. [No. 3561.

)EPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

038. 14th June, 1972.

s hereby notified that the State President has assented : following Act which is hereby published for general nation:—

'1 of 1972: Land Survey Amendment Act, 1972.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 1038. 14 Junie 1972.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 71 van 1972: Opmetingswysigingswet, 1972.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# WET

**Tot wysiging van die bepalings van die Opmetingswet, 1927, betreffende die aanstelling, bevoegdhede en werksaamhede van die Direkteur-generaal van Opmetings en van Landmeters-generaal; om voorsiening te maak vir die instelling van landmeter-generaalskantore vir streke deur die Minister van Landbou omskryf; om voorsiening te maak vir die instelling van 'n opmetingsregulasieraad; om 'n Landmeter-generaal te magtig om 'n algemene plan te wysig of te rojeer; om die Registrasie van Aktes Wet, 1937, te wysig betreffende die samestelling van die registrasie-regulasieraad; om die Landmetersregistrasiewet, 1950, te wysig betreffende die samestelling van die Sentrale Landmetersraad en om dié raad te magtig om 'n jaarlikse registrasiegeld van 'n landmeter in die voltydse diens van die Staat, te vorder; om die Wet op Universiteite, 1955, te wysig betreffende die samestelling van die Raad vir die Erkenning van Landmeterseksamens; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 8 *Junie* 1972.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Vervanging van artikel 1 van Wet 9 van 1927.

**1.** Artikel 1 van die Opmetingswet, 1927 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Aanstelling, bevoegdhede en werksaamhede van die Direkteur-generaal.

**1.** (1) Die Minister stel, met inagneming van die wetsbepalings op die staatsdiens, 'n beampte aan wat die Direkteur-generaal van Opmetings genoem word en 'n landmeter moet wees.

(2) Behoudens die voorskrifte van die Minister, oefen die Direkteur-generaal die bevoegdhede uit en verrig hy die werksaamhede wat hierdie Wet aan hom verleen of toewys.".

Vervanging van artikel 2 van Wet 9 van 1927.

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Pligte van die Direkteur-generaal.

**2.** (1) Die Direkteur-generaal is in beheer van die geodetiese, topografiese en kadastrale opmetings in die Republiek wat die Minister gelas en, met inagneming van die bepalings van hierdie Wet, moet hy—

(*a*) alle aangeleenthede rakende sodanige opmetings bevorder en beheer;
(*b*) die opmeting en kartering van grond vir die doeleindes van registrasie in 'n registrasiekantoor onder toesig hou en beheer;
(*c*) die driehoeks-, topografiese, geodetiese en ander toepaslike opmetings wat nodig is, uitvoer;
(*d*) van tyd tot tyd, soos die omstandighede vereis, die landkaarte en ander dokumente wat nodig word, voorberei, saamstel en wysig;

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To amend the provisions of the Land Survey Act, 1927, with reference to the appointment, powers and functions of the Director-General of Surveys and of Surveyors-General; to provide for the establishment of surveyors-general's offices for regions defined by the Minister of Agriculture; to provide for the establishment of a survey regulations board; to empower a Surveyor-General to amend or cancel a general plan; to amend the Deeds Registries Act, 1937, with reference to the constitution of the deeds registries regulations board; to amend the Land Surveyor's Registration Act, 1950, with reference to the constitution of the Central Council of Land Surveyors and to empower the said council to collect an annual registration fee from a land surveyor in the full-time employment of the State; to amend the Universities Act, 1955, with reference to the constitution of the Board for the Recognition of Land Surveyors' Examinations; and to provide for incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 8th June*, 1972.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Substitution of section 1 of Act 9 of 1927.**

**1.** The following section is hereby substituted for section 1 of the Land Survey Act, 1927 (hereinafter referred to as the principal Act):

"Appointment, powers and functions of the Director-General.

**1.** (1) Subject to the provisions of any law governing the public service, the Minister shall appoint an officer to be styled the Director-General of Surveys, who shall be a land surveyor.

(2) The Director-General shall, subject to the directions of the Minister, exercise the powers and perform the functions conferred upon or assigned to him by this Act.".

**Substitution of section 2 of Act 9 of 1927.**

**2.** The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act:

"Duties of the Director-General.

**2.** (1) The Director-General shall be in charge of such geodetic, topographical and cadastral surveying in the Republic as the Minister may direct, and subject to the provisions of this Act, shall—

(*a*) promote and control all matters affecting such surveys;

(*b*) supervise and control the survey and charting of land for purposes of registration in a deeds registry;

(*c*) conduct such trigonometrical, topographical, geodetic and other relevant survey operations as may be required;

(*d*) prepare, compile and amend from time to time, as the circumstances necessitate, such maps and other documents as may be required;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(*e*) die prosedure in elke streekkantoor reël en die wyse bepaal waarop die bepalings van hierdie Wet en die regulasies uitgevoer moet word;

(*f*) die stukke (wat nie deel uitmaak van die stukke van 'n kantoor van 'n landmeter-generaal nie) van alle opmetings en handelinge wat voor die inwerkingtreding van die Opmetingswysigingswet, 1972, of kragtens hierdie artikel uitgevoer is, onder sy beheer neem en bewaar.

(2) 'n Beampte werksaam in die kantoor van die Direkteur-generaal en wat 'n landmeter is, kan, as hy deur die Direkteur-generaal daartoe gemagtig is, enige bepaalde handeling of taak verrig wat die Direkteur-generaal wettiglik ingevolge hierdie Wet of die regulasies of 'n ander wet mag verrig.".

Vervanging van artikel 3 van Wet 9 van 1927.

**3.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Instelling van landmeter-generaals-kantore vir streke deur die Minister omskryf.

**3.** (1) Die Minister kan, met inagneming van die wetsbepalings op die staatsdiens, by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

(*a*) streke instel, die plaaslike grense van elke streek omskryf, die naam waaronder 'n streek bekend staan, bepaal en 'n landmeter-generaalskantoor vir elke streek instel;

(*b*) 'n gedeelte van 'n streek of gedeeltes van twee of meer aangrensende streke afsonder om 'n afsonderlike streek uit te maak, die naam waaronder daardie afgesonderde streek bekend staan, bepaal en 'n landmeter-generaalskantoor vir daardie afgesonderde streek instel;

(*c*) 'n in paragraaf (*a*) of (*b*) bedoelde streek of 'n gedeelte van so 'n streek by 'n ander streek voeg en die landmeter-generaalskantoor van 'n streek wat in sy geheel by 'n ander streek gevoeg is, afskaf.

(2) 'n Landmeter-generaalskantoor wat onmiddelik voor die inwerkingtreding van die Opmetingswysigingswet, 1972, bestaan het en die provinsie waarvoor dit ingestel is, word onderskeidelik geag 'n landmeter-generaalskantoor en 'n streek te wees wat kragtens subartikel (1) (*a*) ingestel is.".

Vervanging van artikel 4 van Wet 9 van 1927.

**4.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Aanstelling van Landmeter-generaal.

**4.** (1) Die Minister stel, met inagneming van die wetsbepalings op die staatsdiens, ten opsigte van elke in artikel 3 bedoelde landmeter-generaalskantoor, 'n beampte aan wat die Landmeter-generaal genoem word en 'n landmeter moet wees en wat, behoudens die voorskrifte van die Direkteur-generaal, die bevoegdhede uitoefen en die werksaamhede verrig wat hierdie Wet aan hom verleen of toewys.

(2) Elke persoon wat by die inwerkingtreding van die Opmetingswysigingswet, 1972, die amp van Landmeter-generaal beklee, word geag ingevolge hierdie artikel as Landmeter-generaal aangestel te gewees het.".

Vervanging van artikel 5 van Wet 9 van 1927.

**5.** Artikel 5 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Bevoegdhede en pligte van 'n Landmeter-generaal.

**5.** (1) 'n Landmeter-generaal is in beheer van die kantoor ten opsigte waarvan hy aangestel is en in die streek waarvoor hy aangestel is, moet hy, met inagneming van die bepalings van hierdie Wet en die regulasies—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*e*) regulate the procedure in each regional office and determine the manner in which the provisions of this Act and of the regulations shall be carried out;

(*f*) take charge of and preserve the records (which do not form part of the records of an office of a Surveyor-General) of all surveys and operations carried out before the commencement of the Land Survey Amendment Act, 1972, or under this section.

(2) Any officer employed in the office of the Director-General and who is a land surveyor may, if delegated thereto by the Director-General, do any specified act or thing which may lawfully be done under this Act or the regulations or any other law by the Director-General.".

Substitution of section 3 of Act 9 of 1927.

**3.** The following section is hereby substituted for section 3 of the principal Act:

"Establishment of surveyors-general's offices for regions defined by the Minister.

**3.** (1) Subject to the provisions of any law governing the public service, the Minister may, by notice in the *Gazette*—

(*a*) create regions, define the local limits of each region, declare the name by which any region shall be known and establish a surveyor-general's office for every region;

(*b*) detach a portion of a region or portions of two or more adjoining regions to form a detached region, declare the name by which such detached region shall be known and establish a surveyor-general's office for such detached region;

(*c*) annex any region referred to in paragraph (*a*) or (*b*) or any portion of such region, to another region and abolish the surveyor-general's office of a region which as a whole has been annexed to another region.

(2) Any surveyor-general's office which existed immediately before the commencement of the Land Survey Amendment Act, 1972, and the province for which it was established, shall respectively be deemed to be a surveyor-general's office and a region established under subsection (1) (*a*).".

Substitution of section 4 of Act 9 of 1927.

**4.** The following section is hereby substituted for section 4 of the principal Act:

"Appointment of Surveyor-General.

**4.** (1) Subject to the provisions of any law governing the public service, the Minister shall appoint in respect of each surveyor-general's office referred to in section 3, an officer, to be styled the Surveyor-General, who shall be a land surveyor, and who shall, subject to the directions of the Director-General, exercise the powers and perform the functions conferred upon or assigned to him by this Act.

(2) Every person who at the commencement of the Land Survey Amendment Act, 1972, holds office as a Surveyor-General, shall be deemed to have been appointed as Surveyor-General in terms of this section.".

Substitution of section 5 of Act 9 of 1927.

**5.** The following section is hereby substituted for section 5 of the principal Act:

"Powers and duties of a Surveyor-General.

**5.** (1) A Surveyor-General shall be in charge of the office in respect of which he has been appointed, and in the region for which he has been appointed he shall, subject to the provisions of this Act and the regulations—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*a*) verantwoordelikheid aanvaar vir en in bewaring neem alle stukke wat betrekking het op grondopmetings wat voor die inwerkingtreding van die Opmetingswysigingswet, 1972, as stukke in die landmeter-generaalskantoor bewaar is of wat na daardie inwerkingtreding stukke word van die landmeter-generaalskantoor ten opsigte waarvan hy aangestel is;

(*b*) voordat registrasie in 'n registrasiekantoor plaasvind, alle algemene planne en kaarte nagaan en goedkeur wat in ooreenstemming met die regulasies vervaardig is en, wanneer toepaslik, in ooreenstemming is met 'n statutêre goedkeuring vir sover dit die aanleg betref;

(*c*) op die kaart van 'n stuk grond—

(i) die meetkundige figuur wat 'n deel van daardie stuk grond voorstel en waarvan transport in 'n registrasiekantoor geregistreer is, afteken en daardie deel se grootte aftrek;

(ii) die meetkundige figuur wat 'n deel daarvan voorstel waarvoor 'n sertifikaat van dorpstitel of geregistreerde titel uitgereik is kragtens die bepalings van 'n wet op die registrasie van aktes, afteken en daardie deel se grootte aftrek;

(iii) die meetkundige figuur afteken en die nodige endossemente maak ten opsigte van 'n serwituut of huurkontrak oor of op daardie grond wat ingevolge hierdie Wet opgemeet is en in 'n registrasiekantoor geregistreer is;

(*d*) ooreenkomstig die bepalings van die een of ander wet 'n algemene plan of kaart rojeer of wysig;

(*e*) op versoek van iemand, teen betaling deur hom van die gelde wat voorgeskryf is, kopieë van kaarte en ander dokumente wat in sy kantoor bewaar word en vir die publiek beskikbaar is, en kopieë van algemene planne en kaarte geregistreer in 'n registrasiekantoor in daardie streek, vervaardig, sertifiseer en uitreik;

(*f*) van tyd tot tyd, soos die omstandighede vereis, die landkaarte wat nodig word, saamstel en wysig;

(*g*) die geodetiese, driehoeks-, topografiese, kadastrale, waterpas- en getymetings en die ander verrigtings uitvoer wat die Direkteur-generaal gelas,

en oor die algemeen alle bevoegdhede uitoefen en alle pligte verrig wat by wet aan 'n Landmeter-generaal verleen of opgelê word, en die ander pligte verrig wat die Direkteur-generaal van tyd tot tyd aan hom toewys.

(2) 'n Beampte werksaam in 'n landmeter-generaalskantoor en wat 'n landmeter is, kan, as hy deur die Landmeter-generaal wat ten opsigte van daardie kantoor aangestel is, daartoe gemagtig is, 'n handeling of taak verrig wat daardie Landmeter-generaal wettiglik ingevolge hierdie Wet of die regulasies of 'n ander wet mag verrig.".

**Vervanging van artikel 6 van Wet 9 van 1927.**

**6.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Opmetingsregulasieraad.

**6.** (1) Daar word 'n opmetingsregulasieraad ingestel (in hierdie artikel ‚die raad' genoem), met bevoegdheid om regulasies uit te vaardig aangaande die onderwerpe in artikel 7 vermeld.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*a*) take charge of and preserve all records appertaining to surveys of land which were, prior to the commencement of the Land Survey Amendment Act, 1972, preserved as records in a surveyor-general's office, or which may become, after such commencement, records of the surveyor-general's office in respect of which he has been appointed;

(*b*) before any registration is effected in a deeds registry, examine and approve all general plans and diagrams which have been prepared in accordance with the regulations, and, when applicable, in accordance with any statutory approval in so far as the layout is concerned;

(*c*) on the diagram of any piece of land—

(i) define the geometrical figure representing any portion of such land the transfer whereof has been registered in a deeds registry, and deduct the numerical extent of such portion;

(ii) define the geometrical figure representing any portion thereof for which a certificate of township title or registered title has been issued under the provisions of any law relating to the registration of deeds, and deduct the numerical extent of such portion;

(iii) define the geometrical figure and make the necessary endorsements in respect of any servitude or lease over or on such land and which has been surveyed in terms of this Act and registered in a deeds registry;

(*d*) cancel or amend in accordance with the provisions of any law any general plan or diagram;

(*e*) prepare, certify and issue, at the request of any person and on payment by such person of such fees as may be prescribed, copies of diagrams and other documents filed in his office and available to the public, and copies of general plans and diagrams registered in a deeds registry in such region;

(*f*) compile and amend from time to time, as the circumstances necessitate, such maps as may be required;

(*g*) conduct such geodetic, trigonometrical, topographical, cadastral, level and tide surveys and such other operations as the Director-General may direct,

and generally exercise all such powers and perform all such duties as are by any law conferred or imposed upon a Surveyor-General, and perform such other duties as the Director-General may from time to time assign to him.

(2) Any officer employed in a surveyor-general's office and who is a land surveyor may, if delegated thereto by the Surveyor-General appointed in respect of such office, do any act or thing which may lawfully be done under this Act or the regulations or any other law by such Surveyor-General.".

**Substitution of section 6 of Act 9 of 1927.**

**6.** The following section is hereby substituted for section 6 of the principal Act:

"Survey regulations board.

**6.** (1) There shall be established a survey regulations board (in this section referred to as "the board"), with power to make regulations in regard to the subjects mentioned in section 7.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(2) Die raad bestaan uit die volgende lede, naamlik—

(*a*) die Direkteur-generaal;
(*b*) twee landmeters aangestel deur die Minister, wat beamptes in die diens van die Staat moet wees;
(*c*) al die Landmeters-generaal;
(*d*) een lid van die registrasie-regulasieraad ingestel ingevolge artikel 9 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), benoem te word deur die Minister van Justisie; en
(*e*) ses landmeters waarvan—
  (i) twee (een waarvan gewoonlik in die gebied waarin die Oos-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika regsbevoegdheid uitoefen, praktiseer en sy gewone verblyf daarin het en die ander waarvan gewoonlik in die oorblywende gebied van die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop praktiseer en sy gewone verblyf daarin het), aangestel moet word deur die ,Institute of Government Land Surveyors of the Colony of the Cape of Good Hope', ingestel deur die ,Institute of Government Land Surveyors Incorporation Act, 1904' (Wet No. 22 van 1904), van die Kaap die Goeie Hoop;
  (ii) een aangestel moet word deur die ,Institute of Land Surveyors of Natal', ingestel deur Wet No. 28 van 1905, soos gewysig deur Wet No. 24 van 1908, van Natal;
  (iii) een aangestel moet word deur die ,Institute of Land Surveyors of the Transvaal', ingestel deur die ,Institute of Land Surveyors Incorporation Ordinance, 1904' (Private Ordonnansie No. 11 van 1904), van Transvaal;
  (iv) een aangestel moet word deur die Instituut van Landmeters van die Oranje-Vrystaat; en
  (v) een aangestel moet word deur die Instituut van Suidwes-Afrikaanse Landmeters ingestel deur die Ordonnansie op Landmeters, 1963 (Ordonnansie No. 10 van 1963), van die gebied Suidwes-Afrika:

Met dien verstande dat as so 'n instituut ophou om te bestaan of in gebreke bly om 'n afgevaardigde aan te stel as lid van die raad, die Minister 'n landmeter mag aanstel in die plek van so 'n afgevaardigde.

(3) Wanneer die Minister dit nodig ag, vergader die raad op die tyd en plek wat die Minister bepaal. Die Direkteur-generaal of, in sy afwesigheid, die beampte wat in sy plek waarneem, is voorsitter van die raad: Met dien verstande dat die raad, met die goedkeuring van die Minister, regulasies kan uitvaardig sonder om byeen te kom, mits minstens driekwart van die totale getal lede van die raad skriftelik tot sodanige regulasies instem.

(4) Tien lede van die raad is 'n kworum op sy vergaderings en 'n beslissing van die meerderheid van die lede op 'n vergadering aanwesig is 'n beslissing van die raad: Met dien verstande dat by staking van stemme op 'n vergadering die voorsitter benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem het.

(5) Die raad is bevoeg om 'n regulasie wat hy uitgevaardig het, te wysig of te herroep.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) The board shall consist of the following members, namely—

(*a*) the Director-General;
(*b*) two land surveyors appointed by the Minister who shall be officers in the service of the State;
(*c*) all the Surveyors-General;
(*d*) one member of the deeds registries regulations board established in terms of section 9 of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937), to be nominated by the Minister of Justice; and
(*e*) six land surveyors of whom—
(i) two (one of whom shall normally practise and reside within the area of jurisdiction of the Eastern Cape division of the Supreme Court of South Africa and the other of whom shall normally practise and reside in the remaining area of the Province of the Cape of Good Hope) shall be appointed by the Institute of Government Land Surveyors of the Colony of the Cape of Good Hope, established by the Institute of Government Land Surveyors Incorporation Act, 1904 (Act No. 22 of 1904), of the Cape of Good Hope;
(ii) one shall be appointed by the Institute of Land Surveyors of Natal, established by Act No. 28 of 1905, as amended by Act No. 24 of 1908, of Natal;
(iii) one shall be appointed by the Institute of Land Surveyors of the Transvaal, established by the Institute of Land Surveyors Incorporation Ordinance, 1904 (Ordinance (Private) No. 11 of 1904), of the Transvaal;
(iv) one shall be appointed by the Institute of Land Surveyors of the Orange Free State; and
(v) one shall be appointed by the Institute of South-West Africa Land Surveyors, established by the Land Surveyors Ordinance, 1963 (Ordinance No. 10 of 1963), of the territory of South-West Africa:

Provided that if any such institute ceases to exist or fails to appoint a delegate to be a member of the board, the Minister may appoint any land surveyor to take the place of any such delegate.

(3) Whenever the Minister considers it necessary the board shall hold a meeting at a time and place to be appointed by the Minister. The Director-General or, in his absence, the officer acting in his stead, shall be chairman of the board: Provided that with the Minister's approval the board may make regulations without holding a meeting if at least three-quarters of the total number of members of the board agree in writing to such regulations.

(4) Ten members of the board shall form a quorum at its meetings, and a decision of the majority of the members present at any meeting shall be a decision of the board: Provided that in the event of an equality of votes at any meeting the chairman shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

(5) The board shall have power to alter or rescind any regulation made by it.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(6) Alle regulasies deur die raad uitgevaardig, is onderworpe aan die goedkeuring van die Staatspresident.

(7) So 'n regulasie of 'n wysiging of herroeping daarvan tree nie in werking nie voordat minstens een maand verloop het nadat dit in die *Staatskoerant* afgekondig is.

(8) Elke sodanige regulasie en elke wysiging of herroeping daarvan word binne veertien dae nadat dit in werking getree het, in die Senaat en die Volksraad ter Tafel gelê indien die Parlement in gewone sessie is, of indien die Parlement nie in gewone sessie is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

(9) 'n Lid van die raad wat nie in die voltydse diens van die Staat is nie, ontvang ten opsigte van sy dienste die toelaes wat die Minister van tyd tot tyd in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.".

**Vervanging van artikel 7 van Wet 9 van 1927.**

**7.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Regulasies.

7. (1) Die opmetingsregulasieraad kan regulasies uitvaardig wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie, en wat voorskryf—

(*a*) die gelde wat die eienaar van grond moet betaal vir die opmeting van sodanige grond, insluitende stukke wat betrekking het op daardie opmeting, die wyse waarop en die persoon deur wie sodanige gelde getakseer kan word, die koste van sodanige taksasie en wie dit moet dra;

(*b*) die wyse waarop opmetings uitgevoer moet word en die wyse waarop en die vorm waarin die stukke ten opsigte van sodanige opmetings opgestel en by die Landmeter-generaal ingedien moet word;

(*c*) die juistheidsgraad wat verkry moet word en die foutgrense wat toegelaat moet word by die opmeting of heropmeting van grond en vir opmetings om versekerings- en ander blywende opmetingsmerke vas te stel;

(*d*) die kaarte en algemene planne wat vereis word in verband met die registrasie van grond in 'n registrasiekantoor, die wyse waarop sodanige kaarte en algemene planne vervaardig moet word, die inligting wat daarop aangeteken moet word en hoeveel van sodanige kaarte en algemene planne verskaf moet word;

(*e*) die vorm en afmetings van bakens, versekeringsmerke, hoogtemerke en peilbakens, die wyse waarop hulle ter uitkenning gemerk moet word, en die wyse waarop hulle gebou, opgerig, beskerm, in stand gehou en herstel moet word;

(*f*) die prosedure wat by arbitrasieverrigtinge ingevolge hierdie Wet gevolg moet word en die bevoegdhede en pligte van arbiters wat ingevolge hierdie Wet aangestel word;

(*g*) die wyse waarop en die omstandighede waaronder kadastrale en ander opmetings van grond gebaseer moet word of verbind moet word met peilbakens en versekeringsmerke;

(*h*) die wyse waarop 'n blok grond heropgemeet moet word vir die herbepaling van die grense en die vasstelling van die bakens daarvan, en die wyse waarop die koste van sodanige heropmetings verhaal word;

(*i*) die stappe wat 'n Landmeter-generaal moet doen om die juistheid of noukeurigheid te toets

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(6) All regulations made by the board shall be subject to the approval of the State President.

(7) No such regulation or any alteration or rescission thereof shall come into operation before at least one month after it has been published in the *Gazette* has elapsed.

(8) Every such regulation and every alteration or rescission thereof shall be laid on the table of the Senate and of the House of Assembly within fourteen days after it has taken effect if Parliament is in ordinary session or if Parliament is not in ordinary session, within fourteen days after the commencement of its next ensuing ordinary session.

(9) A member of the board who is not in the full-time service of the State, shall receive in respect of his services such allowances as the Minister in consultation with the Minister of Finance may from time to time determine.".

**Substitution of section 7 of Act 9 of 1927.**

**7.** The following section is hereby substituted for section 7 of the principal Act:

"Regulations. **7.**(1) The survey regulations board may make regulations not inconsistent with this Act, prescribing—

(*a*) the fees to be paid by an owner of land for any survey of such land, including any records relating to such survey, the manner in which and the person by whom such fees may be taxed, the costs of such taxation and by whom they shall be borne;

(*b*) the manner in which surveys shall be performed, and the manner and form in which the records of such surveys shall be prepared and lodged with the Surveyor-General;

(*c*) the degree of accuracy to be obtained and the limit of error to be allowed in surveys and re-surveys of land and for surveys to establish reference and other permanent marks;

(*d*) the diagrams and general plans required in connection with the registration of any land in a deeds registry, the manner of preparing such diagrams and general plans, the information to be recorded thereon, and the number of such diagrams and general plans to be supplied;

(*e*) the form and dimensions of beacons, reference marks, bench marks and trigonometrical stations, the manner of marking the same for identification, and the manner of their construction, erection, protection, maintenance and repair;

(*f*) the procedure to be followed in arbitration proceedings under this Act and the powers and duties of arbitrators appointed under this Act;

(*g*) the manner and circumstances in which cadastral and other surveys shall be based upon or connected to trigonometrical stations and reference marks;

(*h*) the manner of re-surveying any block of land for the purpose of readjusting the boundaries establishing the beacons thereof, and the manner of recovering the cost of such re-surveys;

(*i*) the steps to be taken by a Surveyor-General to test the accuracy or correctness of surveys of

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



van opmetings waarvan die uitslae aangeteken word op kaarte wat in 'n registrasiekantoor geregistreer is of bestem is om in 'n registrasiekantoor geregistreer te word, en ingeval sodanige opmetings onjuis of onakkuraat is, om juiste kaarte te laat opstel en die betrokke titelbewys te laat wysig;

(*j*) die toets van opmeetinstrumente en van maatbande wat by opmeting van grond gebruik moet word;

(*k*) die maateenheid wat in opmetings of op algemene planne en kaarte gebruik moet word;

(*l*) die aard, vorm en duur (van hoogstens twee jaar) van die praktiese opleiding in opmetingswerk wat iemand moet ondergaan voordat hy geregtig is om hom ingevolge artikel 12 (1) (*d*) vir die uitvoering van 'n proefopmeting en die in artikel 12 (1) (*e*) bedoelde eksamen, aan te meld;

(*m*) die gelde wat betaalbaar is vir 'n in artikel 12 (2) bedoelde sertifikaat;

en in die algemeen oor 'n aangeleentheid wat betrekking het op die opmeting en kartering van grond en ter uitvoering van die oogmerke en doeleindes van hierdie Wet en die omstandighede waaronder die Direkteur-generaal of 'n Landmeter-generaal 'n afwyking kan magtig van 'n regulasie uitgevaardig ingevolge paragrawe (*b*), (*c*), (*d*), (*g*), (*i*) en (*l*) wanneer dit gevind word dat nakoming van so 'n regulasie onmoontlik of onuitvoerbaar is.

(2) Verskillende regulasies kan uitgevaardig word vir die verskillende provinsies of ander dele van die Republiek en 'n regulasie ingevolge paragraaf (*b*) van subartikel (1) uitgevaardig, kan datums vasstel vir die toepassing daarvan en bepalings bevat ten opsigte van persone wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet die reg verkry het om in 'n provinsie van die Republiek as landmeters te praktiseer, wat verskil van die datums vir sy toepassing en van die bepalings ten opsigte van persone wat na daardie inwerkingtreding daardie reg verkry het.

(3) Strawwe bestaande uit 'n boete van hoogstens vyftig rand mag ten opsigte van 'n oortreding of nienakoming van 'n regulasie voorgeskryf word.".

Vervanging van artikel 8 van Wet 9 van 1927.

**8.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Minister kan regulasies uitvaardig.

**8.** Die Minister kan regulasies uitvaardig aangaande 'n aangeleentheid vermeld in artikel 7 (1), en al die bepalings van artikels 6 (7) en (8) en 7 (2) is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met 'n regulasie deur die Minister uitgevaardig: Met dien verstande dat 'n regulasie deur die Minister uitgevaardig nie 'n regulasie deur die opmetingsregulasieraad uitgevaardig en deur die Staatspresident ingevolge artikel 6 (6) goedgekeur, mag herroep of daarmee onbestaanbaar mag wees nie.".

Vervanging van artikel 9 van Wet 9 van 1927.

**9.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Minister kan kantoorgelde voorskryf.

**9.** (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings, kan die Minister, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, die gelde voorskryf wat betaalbaar is ten opsigte van 'n handeling of aangeleentheid wat verrig of mee gehandel moet of kan word in of in verband met die kantore van die Direkteur-generaal en die Landmeters-generaal.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



which the results are recorded on diagrams which have been, or are intended to be, registered in a deeds registry, and in the event of such surveys being inaccurate or incorrect, to cause correct diagrams to be framed and the relative title deeds to be amended;

(*j*) the testing of surveying instruments and of measuring tapes to be used in the survey of land;

(*k*) the unit of measure to be used in surveys or on general plans and diagrams;

(*l*) the nature, form and period (not exceeding two years) of training in practical survey work to be undergone by any person before such person shall be entitled to present himself for the performance of a trial survey referred to in section 12 (1) (*d*) and the examination referred to in section 12 (1) (*e*);

(*m*) the fee to be paid for the certificate referred to in section 12 (2);

and generally as to any matter appertaining to the surveying and charting of land, and for carrying out the objects and purposes of this Act, and the circumstances in which the Director-General or a Surveyor-General may authorize a departure from a regulation framed in terms of paragraphs (*b*), (*c*), (*d*), (*g*), (*i*) and (*l*) when compliance with any such regulation is found to be impossible or impracticable.

(2) Different regulations may be made for different provinces or other portions of the Republic, and any regulation made under paragraph (*b*) of subsection (1) may prescribe dates for its application and contain provisions in respect of persons who, prior to the commencement of this Act, obtained the right to practise as land surveyors in a province of the Republic that are different from the dates for its application and from the provisions in respect of persons who obtained such right after such commencement.

(3) Penalties not exceeding a fine of fifty rand may be prescribed in respect of any contravention of, or non-compliance with, any regulation.".

Substitution of section 8 of Act 9 of 1927.

**8.** The following section is hereby substituted for section 8 of the principal Act:

"Minister may make regulations.

**8.** The Minister may make regulations in regard to any matter referred to in section 7 (1), and all the provisions of sections 6 (7) and (8) and 7 (2) shall *mutatis mutandis* apply in regard to any regulation made by the Minister: Provided that a regulation made by the Minister shall not repeal or be inconsistent with any regulation made by the survey regulations board and approved by the State President in terms of section 6 (6).".

Substitution of section 9 of Act 9 of 1927.

**9.** The following section is hereby substituted for section 9 of the principal Act:

"Minister may prescribe fees of office.

**9.** (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, the Minister may, by notice in the *Gazette*, prescribe the fees to be charged in respect of any act or matter required or permitted to be performed or dealt with in or in connection with the offices of the Director-General and the Surveyors-General.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Die bepalings van artikel 6 (8) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van so 'n kennisgewing.".

Herroeping van artikel 10 van Wet 9 van 1927.

**10.** Artikel 10 van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van artikel 26*bis* van Wet 9 van 1927, soos ingevoeg deur artikel 8 van Wet 14 van 1941 en vervang deur artikel 16 van Wet 52 van 1962.

**11.** Artikel 26*bis* van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Die oprigting en vasstelling van versekeringsmerke word vir alle doeleindes geag deel uit te maak en 'n voortsetting te wees van die driehoeksmetingsverrigtings in artikel 2 bedoel: Met dien verstande dat 'n plaaslike bestuur op sy eie koste sodanige versekeringsmerke kan oprig op die plekke deur die Direkteur-generaal goedgekeur."

Vervanging van artikel 30 van Wet 9 van 1927.

**12.** Artikel 30 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Wysiging of rojering van 'n algemene plan.

**30.** (1) 'n Algemene plan wat in 'n landmetergeneraalskantoor bewaar word of in 'n registrasiekantoor geregistreer is, kan deur die Landmetergeneraal verander of gewysig word om foute te verbeter.

(2) So 'n algemene plan wat die onderverdeling van grond voorstel in ooreenstemming met die vereistes van of kragtens magtiging van 'n ander wet, of wat 'n dorp voorstel wat gestig is voor die bestaan van wette aangaande dorpstigting, kan, met goedkeuring van die betrokke Administrateur, of op bevel van 'n hof, en onderworpe aan die voorwaardes wat die Administrateur of die hof nodig ag, deur die Landmeter-generaal verander, gewysig of gedeeltelik of in sy geheel gerojeer word: Met dien verstande dat wanneer sodanige verandering, wysiging of gedeeltelike of algehele rojering 'n publieke plek raak, die Landmeter-generaal, voor sodanige verandering, wysiging of gedeeltelike of algehele rojering, deur die Administrateur in kennis gestel is dat voldoen is aan die wetsbepalings aangaande die permanente sluiting van 'n publieke plek of deel daarvan: Met dien verstande voorts dat die Administrateur ten opsigte van 'n verandering, wysiging of gedeeltelike of algehele rojering van 'n algemene plan sy bevoegdhede aan 'n beampte in diens van die provinsiale administrasie of aan 'n plaaslike bestuur, kan delegeer.

(3) Wanneer so 'n algemene plan ingevolge hierdie artikel verander, gewysig of gedeeltelik of in sy geheel gerojeer word, stel die Landmeter-generaal die betrokke registrateur in kennis, wat die veranderings, wysigings of aantekeninge wat nodig is aan of op die betrokke titelbewyse en registers in sy registrasiekantoor aanbring.".

Wysiging van artikel 31*bis* van Wet 9 van 1927, soos ingevoeg deur artikel 14 van Wet 14 van 1941.

**13.** Artikel 31*bis* van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*b*) van subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) Die kommissie in paragraaf (*a*) vermeld, bestaan uit die Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit of iemand wat hy skriftelik benoem, die Landmetergeneraal van die streek waarin die grond geleë is, wat voorsitter is, en die Registrateur van Aktes te Kaapstad as die grond in die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop geleë is, of die Registrateur van Aktes wat aangestel is vir die provinsie waarin die grond geleë is, as dit in 'n ander provinsie geleë is.".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(2) The provisions of section 6 (8) shall *mutatis mutandis* apply in regard to any such notice.".

**10.** Section 10 of the principal Act is hereby repealed.

Repeal of section 10 of Act 9 of 1927.

**11.** Section 26*bis* of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

Amendment of section 26*bis* of Act 9 of 1927, as inserted by section 8 of Act 14 of 1941 and substituted by section 16 of Act 52 of 1962.

"(2) The erection and establishment of reference marks shall for all purposes be deemed to be part of and in continuation of the trigonometrical survey operations referred to in section 2: Provided that a local authority may at its own cost erect such reference marks in positions approved by the Director-General.".

**12.** The following section is hereby substituted for section 30 of the principal Act:

Substitution of section 30 of Act 9 of 1927.

"Alteration or cancellation of general plan.

**30.** (1) Any general plan which is filed in a surveyor-general's office or is registered in a deeds registry, may be altered or amended by the Surveyor-General for the purposes of rectifying errors.

(2) Any such general plan which represents the subdivision of land in accordance with the requirements of or under authority of any other law, or which represents a township established prior to the existence of any laws relating to the establishment of townships, may, with the consent of the Administrator concerned, or by an order of court, and subject to such conditions as the Administrator or the court may deem necessary, be altered, amended or partially or totally cancelled by the Surveyor-General: Provided that where such alteration, amendment or partial or total cancellation affects any public place, the Surveyor-General has, prior to such alteration, amendment or partial or total cancellation, been advised by the Administrator that the provisions of the law relating to the permanent closing of any public place or portion thereof have been complied with: Provided further that the Administrator may in respect of any alteration, amendment or partial or total cancellation of a general plan, delegate his powers to an officer in the service of the provincial administration or to a local authority.

(3) Whenever such a general plan is altered, amended or partially or totally cancelled in terms of this section the Surveyor-General shall inform the registrar concerned who shall make such alterations, amendments or endorsements to or on the relative title deeds and registers in his deeds registry as may be necessary.".

**13.** Section 31*bis* of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (5) of the following paragraph:

Amendment of section 31*bis* of Act 9 of 1927, as inserted by section 14 of Act 14 of 1941.

"(*b*) The commission referred to in paragraph (*a*) shall consist of the Secretary for Agricultural Credit and Land Tenure or a person appointed in writing by him, the Surveyor-General of the region in which the land is situate, who shall be chairman, and the Registrar of Deeds at Cape Town if the land is situate in the Province of the Cape of Good Hope, or the Registrar of Deeds appointed for the province in which the land is situate if such land is situate in any other province.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





Herroeping van artikel 48 van Wet 9 van 1927, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 14 van 1941.

**14.** Artikel 48 van die Hoofwet word hierby herroep.

Wysiging van artikel 49 van Wet 9 van 1927, soos gewysig deur artikel 19 van Wet 14 van 1941, artikel 21 van Wet 14 van 1950, artikel 29 van Wet 52 van 1962 en artikel 9 van Wet 64 van 1970.

**15.** Artikel 49 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur na die omskrywing van „kaart" die volgende omskrywing in te voeg:

„,Direkteur-generaal' beteken die Direkteur-generaal van Opmetings aangestel ingevolge artikel 1;"; en

(*b*) deur die omskrywing van „Landmeter-generaal" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,Landmeter-generaal' beteken, in verband met grond of 'n algemene plan of kaart daarvan of in verband met enige aangeleentheid van watter aard ookal, wat op grond betrekking het, die Landmeter-generaal van die streek waarin daardie grond geleë is of daardie algemene plan of kaart geregistreer of registreerbaar is;".

Vervanging in Wet 9 van 1927 van die woorde „opmetingsraad" en „Direkteur van Driehoeksmeting" deur die woord „Direkteur-generaal".

**16.** Die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde „opmetingsraad" en „Direkteur van Driehoeksmeting", oral waar hulle daarin voorkom, deur die woord „Direkteur-generaal" te vervang.

Wysiging van artikel 9 van Wet 47 van 1937.

**17.** Artikel 9 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woorde „subartikel (1) van artikel 8" deur die woorde „artikel 6 (1)" te vervang.

Wysiging van artikel 1 van Wet 14 van 1950, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 36 van 1963, en artikel 1 van Wet 65 van 1970.

**18.** Artikel 1 van die Landmetersregistrasiewet, 1950 (hieronder die Registrasiewet genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van „opmetingsraad" te skrap.

Wysiging van artikel 3 van Wet 14 van 1950, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 36 van 1963 en artikel 2 van Wet 65 van 1970.

**19.** Artikel 3 van die Registrasiewet word hierby gewysig deur paragraaf (*a*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*a*) twee lede deur die Minister aangestel word;".

Wysiging van artikel 6 van Wet 14 van 1950.

**20.** Artikel 6 van die Registrasiewet word hierby gewysig deur paragraaf (*d*) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*d*) in die geval van 'n lid wat ingevolge artikel 3 (1) (*a*) aangestel is, sy ampstermyn uitgedien het of indien sy lidmaatskap deur die Minister beëindig word; of".

Wysiging van artikel 10 van Wet 14 van 1950, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 36 van 1963 en artikel 4 van Wet 65 van 1970.

**21.** Artikel 10 van die Registrasiewet word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

„(5) Die raad kan 'n jaarlikse registrasiegeld, benewens die in subartikel (4) bedoelde gelde, die bedrag waarvan deur die raad met goedkeuring van die Minister bepaal word, van iedere ingevolge hierdie Wet geregistreerde landmeter hef en invorder en kan met goedkeuring van al sy lede 'n landmeter vrystel van betaling van die geheel of 'n gedeelte van daardie registrasiegeld vir die tydperk wat die raad bepaal.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**14.** Section 48 of the principal Act is hereby repealed.

Repeal of section 48 of Act 9 of 1927, as amended by section 17 of Act 14 of 1941.

**15.** Section 49 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the insertion after the definition of "diagram" of the following definition:

"'Director-General' means the Director-General of Surveys appointed in terms of section 1;"; and

(*b*) by the substitution for the definition of "Surveyor-General" of the following definition:

"'Surveyor-General' in relation to any land, or any general plan or diagram thereof, or in relation to any matter whatsoever in connection with any land, means the Surveyor-General of the region wherein such land is situate or such general plan or diagram is registered or registrable;".

Amendment of section 49 of Act 9 of 1927, as amended by section 19 of Act 14 of 1941, section 21 of Act 14 of 1950, section 29 of Act 52 of 1962 and section 9 of Act 64 of 1970.

**16.** The principal Act is hereby amended by the substitution for the words "survey board" and "Director of Trigonometrical Survey", wherever they occur therein, of the word "Director-General".

Substitution in Act 9 of 1927 for the words "survey board" and "Director of Trigonometrical Survey" of the word "Director-General".

**17.** Section 9 of the Deeds Registries Act, 1937, is hereby amended by the substitution in subsection (2) for the words "subsection (1) of section 8" of the words "section 6 (1)".

Amendment of section 9 of Act 47 of 1937.

**18.** Section 1 of the Land Surveyors' Registration Act, 1950, (hereafter referred to as the Registration Act), is hereby amended by the deletion of the definition of "survey board".

Amendment of section 1 of Act 14 of 1950, as amended by section 1 of Act 36 of 1963 and section 1 of Act 65 of 1970.

**19.** Section 3 of the Registration Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*a*) of subsection (1) of the following paragraph:

"(*a*) two members shall be appointed by the Minister;".

Amendment of section 3 of Act 14 of 1950, as amended by section 2 of Act 36 of 1963, and section 2 of Act 65 of 1970.

**20.** Section 6 of the Registration Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*d*) of the following paragraph:

"(*d*) being a member appointed in terms of section 3 (1) (*a*), has served his period of office or if his membership is terminated by the Minister; or".

Amendment of section 6 of Act 14 of 1950.

**21.** Section 10 of the Registration Act is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) The council may levy upon and collect from any land surveyor registered under this Act an annual registration fee, in addition to the fees referred to in subsection (4), the amount whereof shall be determined by the council with the approval of the Minister, and may with the approval of all its members exempt any land surveyor from the payment of the whole or any part of such registration fee for such period as it may determine.".

Amendment of section 10 of Act 14 of 1950, as amended by section 5 of Act 36 of 1963 and section 4 of Act 65 of 1970.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





Vervanging van artikel 11 van Wet 14 van 1950.

**22.** Artikel 11 van die Registrasiewet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Registrateur moet inligting aan Direkteur-generaal van Opmetings verstrek.

**11.** Die registrateur moet van tyd tot tyd die Direkteur-generaal van Opmetings aangestel ingevolge artikel 1 van die Opmetingswet, 1927 (Wet No. 9 van 1927), skriftelik in kennis stel van die naam, adres, kwalifikasies en datum van registrasie van iedere persoon—

(*a*) wat as landmeter ingevolge hierdie Wet geregistreer is;

(*b*) wie se naam ingevolge artikel 10 (6) of (7) van die register geskrap is, asook van die datum van sodanige skrapping;

(*c*) aan wie 'n in artikel 13 bedoelde straf opgelê is, asook van die datum en aard van die straf;

(*d*) wie se skorsing ingevolge artikel 13 (1) (*b*) ingevolge artikel 15 voor verstryking van die vermelde tydperk, beëindig is;

(*e*) wie se straf ingevolge artikel 13 deur die hof ingevolge artikel 14 (2) tersyde gestel of verander is.".

Wysiging van artikel 18 van Wet 14 van 1950, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 36 van 1963.

**23.** Artikel 18 van die Registrasiewet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die raad kan, behoudens die goedkeuring van die Minister, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, reëls uitvaardig met betrekking tot—

(*a*) die wyse waarop klagtes of beskuldigings teen 'n ingevolge hierdie Wet geregistreerde landmeter ingedien moet word;

(*b*) die wyse van dagvaarding van 'n beskuldigde persoon en die strawwe weens versuim of weiering van so iemand om op 'n dagvaarding te verskyn of weens weiering om getuienis af te lê of weens belemmering of onderbreking van die verrigtings;

(*c*) enige ander saak wat in verband staan met 'n ondersoek kragtens artikel 13;

(*d*) die prosedure wat by vergaderings van die raad gevolg moet word;

(*e*) die wyse waarop lede van die raad ingevolge artikel 3 aangestel moet word;

(*f*) die handelings of versuim waarvan die raad kragtens artikel 12 kennis mag neem;

(*g*) in die algemeen, alle aangeleenthede met betrekking tot die gedrag van landmeters;

(*h*) die vorm van die opleidingskontrak tussen 'n landmeter en die persoon wat praktiese opleiding by bedoelde landmeter wil ondergaan voordat hy vir registrasie as landmeter kwalifiseer en die wyse waarop 'n bedoelde kontrak geregistreer word.".

Wysiging van artikel 16*bis* van Wet 61 van 1955, ingevoeg deur artikel 4 van Wet 82 van 1959, en gewysig deur artikel 4 van Wet 43 van 1965.

**24.** Artikel 16*bis* van die Wet op Universiteite, 1955, word hierby gewysig—

(*a*) deur paragraaf (*d*) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*d*) die Direkteur-generaal van Opmetings wat ingevolge artikel 1 van die Opmetingswet, 1927 (Wet No. 9 van 1927), aangestel is; en"; en

(*b*) deur paragraaf (*e*) van genoemde subartikel deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*e*) 'n landmeter in diens van die Staat wat deur die Minister van Landbou aangestel moet word.".

Kort titel en inwerkingtreding.

**25.** (1) Hierdie Wet heet die Opmetingswysigingswet, 1972, en tree, behoudens die bepalings van subartikel (2), in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan ingevolge subartikel (1) ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Substitution of section 11 of Act 14 of 1950.

**22.** The following section is hereby substituted for section 11 of the Registration Act:

"Registrar to give information to Director-General of Surveys.

**11.** The registrar shall from time to time furnish the Director-General of Surveys appointed in terms of section 1 of the Land Survey Act, 1927 (Act No. 9 of 1927), in writing with the name, address, qualifications and date of registration of every person—

(*a*) who is a registered land surveyor under this Act;

(*b*) whose name has been removed from the register in terms of section 10 (6) or (7), together with the date of such removal;

(*c*) upon whom any penalty referred to in section 13 has been imposed, together with the date and nature of the penalty;

(*d*) whose suspension under section 13 (1) (*b*) has been terminated in terms of section 15 before the expiry of the specified period;

(*e*) whose penalty under section 13 has been set aside or varied by the court in terms of section 14 (2).".

Amendment of section 18 of Act 14 of 1950, as amended by section 9 of Act 36 of 1963.

**23.** Section 18 of the Registration Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The council may, subject to the approval of the Minister, by notice in the *Gazette*, make rules as to—

(*a*) the manner in which complaints or charges brought against a land surveyor registered under this Act shall be lodged;

(*b*) the method of summoning an accused person and the penalties for failure or refusal on the part of any such person to attend when summoned or for refusing to give evidence or for obstructing or interrupting the proceedings;

(*c*) any other matter incidental to the holding of an enquiry under section 13;

(*d*) the procedure to be followed at the meetings of the council;

(*e*) the method in which members of the council shall be appointed in terms of section 3;

(*f*) the acts or omissions of which the council may take cognizance under section 12;

(*g*) generally all matters relating to the conduct of land surveyors;

(*h*) the form of the contract of training between a land surveyor and a person who wishes to undergo practical training with such a land surveyor, before qualifying for registration as a land surveyor and the manner in which such a contract shall be registered.".

Amendment of section 16*bis* of Act 61 of 1955, as inserted by section 4 of Act 82 of 1959 and amended by section 4 of Act 43 of 1965.

**24.** Section 16*bis* of the Universities Act, 1955, is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*d*) of subsection (2) of the following paragraph:

"(*d*) the Director-General of Surveys appointed in terms of section 1 of the Land Survey Act, 1927 (Act No. 9 of 1927); and"; and

(*b*) by the substitution for paragraph (*e*) of the said subsection of the following paragraph:

"(*e*) a land surveyor in the service of the State to be appointed by the Minister of Agriculture.".

Short title and commencement.

**25.** (1) This Act shall be called the Land Survey Amendment Act, 1972, and shall, subject to the provisions of subsection (2), come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(2) Different dates may be fixed under subsection (1) in respect of different provisions of this Act.